UITVOERENDE AMPTENAAR

23 Januarie 2020

Die Voorsitter van die kerkraad
Per e-pos

BUITENGEWONE SINODESITTING: 2 APRIL 2020

Hartlike groete vanuit die Sinodehuis van Oostelike Sinode. Ons vertrou dat 2020 'n geseënde jaar in die gemeente mag wees.

Die Sinodale Diensraad het vanaf twee Ringe formele versoeke ontvang vir die hou van 'n Buitengewone Sinodesitting van Oostelike Sinode om die 2019 besluit van die Algemene Sinode oor Selfdegeslagverhoudinge te bespreek.

Die advies van ons Kerkregdiensgroep was dat ons klem op die familie-wees van Oostelike Sinode ons daartoe lei om met mekaar te praat – óók oor dit waaroor daar diep verskille mag wees. Dit is en bly een van ons kosbare waardes.

Die Sinodale Diensraad het op die vergadering van 21 Januarie 2020 deeglik hieroor besin en besluit om aan die versoeke gehoor te gee. Ons is bewus van die onrus in ons sinodale gebied. Ons is reeds sedert verlede jaar besig om deur gesprekke met gemeentes en leraars hieraan aandag gegee.

Hierdie skrywe dien dus as die amptelike kennisgewing van 'n Buitengewone Sitting van die Oostelike Sinode op 2 April 2020 by Pierre van Ryneveld se kerkkompleks.

Telefoon 012 804 9543 **uitamp@sinoos.co.za**

Die volgende inligting hieroor is belangrik:

- 'n **Ontwerpspan** is aangewys om die program vir die dag te bepaal. Ons as Sinodale Diensraad wil graag dat hierdie vergadering sal plaasvind in die gees van ons familie-wees. Daarom wil ons na mekaar luister en met vrymoedigheid aan gesprek kan deelneem.
- Die vergadering word voorlopig geskeduleer vanaf **09:00 tot 17:00**.
- Die advies van ons Kerkregdiensgroep oor die **lede van 'n kerkraad se afvaardiging** na 'n Buitengewone Sinodesitting is as volg:

> *'n Buitengewone vergadering van Oostelike Sinode konstitueer met dieselfde personeel as by die verdaging van die vorige gewone sitting.*
>
> *Dit staan samestellende gemeentes egter vry om die afvaardiging aan te vul met lede wat nie by die vorige vergadering was nie.*
>
> *In alle gevalle moet geloofsbriewe ingehandig word.*

- Hierdie advies is in lyn met die reëling soos getref vir die 2016 Buitengewone Sitting van die Algemene Sinode. Dit is ook reeds goedgekeur om in die 2019 Kerkorde van die NG Kerk opgeneem te word. Dit word ook reeds so in die Kerkorde bepaal ten opsigte van 'n Buitengewone Ringsitting. (Bep 24.3)
- Kerkrade kan dus dieselfde afvaardiging stuur as diegene wat ons 2018 sinodesitting bygewoon het. Kerkrade kan ook 'n nuwe afvaardiging aanwys.
- Artikel 33 van die Kerkorde is ook belangrik:

> ***Artikel 33***
> *33.1 Sinodes word … saamgestel:*
>
> *33.1.1 uit een predikant en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die sinodale gebied. Waar die pos vir predikant vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die predikant afgevaardig word;*
>
> *33.1.2 as 'n gemeente meer as een pos vir predikant het, het die kerkraad die reg om meer predikante en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende predikant af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n pos vir predikant vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig;*
>
> *33.3 Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus aangewys. 'n Ouderling/diaken mag as sekundus vir 'n predikant optree.*
>
> *33.4 Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.*

Telefoon 012 804 9543 **uitamp@sinoos.co.za**

- 'n **Geloofsbrief** word hierby aangeheg om voltooi te word en voor 9 Maart 2020 by die Sinodehuis ingehandig te word. Let asseblief daarop dat 'n sekundus-afgevaardigde slegs die vergadering bywoon indien die primarius afwesig is.
- Kerkrade dra altyd by tot die **koste** van 'n Sinodesitting ten opsigte van etes en ander logistieke kostes soos klank, fasiliteite en dergelike. Ons gaan hard probeer om hierdie koste vir gemeentes so laag as moontlik te hou. Ons besef dat kerkrade reeds moet begroot vir die gewone sitting op 18 – 21 Oktober 2020.

Ons gee verdere reëlings deur sodra dit beskikbaar is.

Tydens ons vergadering is die begeerte uitgespreek dat hierdie aangeleentheid nie ons fokus van die groot roeping van die gemeente sal wegneem nie. Ons is opgewonde oor die baie mooi verhale wat ons kon hoor oor gemeentes se inisiatiewe vir 2020. Ons gemeentes wil God se verskil in lidmate se lewens en in die gemeenskap maak. Ons is inderdaad besig met die gebed van Oostelike Sinode: "laat u ryk, Heer, ín ons, déúr ons, óral kom!"

Seënwense vir 2020.

FRANCOIS RETIEF
UITVOERENDE AMPTENAAR
NG KERK OOSTELIKE SINODE

Telefoon 012 804 9543 **uitamp@sinoos.co.za**